Donderdag 21 Mei
Skrifgedeelte: Matteus 13:1-23
Fokusgedeelte: Matteus 13:11, 16

## Uit genade word die saad gesaai, die groei gegee en vrug gedra

Die saad word gesaai, maar dit dra nie oral vrug nie. Sommige mense sal die evangelie hoor, maar nooit verstaan nie. Voordat die geloof kan ontkiem, word die saad deur die bose gesteel. Party mense hoor die evangelie en hulle slaan aan die brand, soos wanneer jy alkohol op 'n vlam gooi. Maar hierdie vlam is 'n reaksie sonder blywende effek. Die evangelie is gesaai, maar die geloof het nooit wortel geskiet nie. Ander hoor die evangelie, maar saam met die evangelie is daar ander sake wat vir die hart belangriker is. Ook by hierdie persoon is daar geen geloof nie. Dit is net met goeie, vrugbare grond waar die saad van die evangelie groei en vrug dra.

Waar lê die geheim? Hoekom is daar soveel verskillende reaksies op die evangelie?

- Dit is nie die saaier se skuld nie. Wanneer die ware evangelie getrou verkondig word, dan is die potensiaal vir groei daar (Rom. 10:17).
- Dit is nie die saad se skuld nie, want die evangelie is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo (Rom. 1:16).
- Die grond kan egter nie roem dat dit vanuit homself goed is nie. Dit is slegs die Heilige Gees wat die saailand vir die evangelie kan voorberei (Joh. 3:3-7).

Die antwoord lê in die rykdom van God se genade en barmhartigheid. Aan gelowiges is dit gegee, maar aan ongelowiges nie (13:11). Die harte wat die evangelie hoor, verstaan en vrug dra, kan net sê: *"Uit sy volheid het ons almal genade ontvang – ja, genade op genade"* (Joh. 1:16). Elkeen wat kan sien en hoor (13:16), besit ware geluksaligheid – hulle is waarlik geseënd, want: *Dit is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning in die hemel deur sy ewige verkiesing* (Ef. 1:3-8).

*Sing: Skrifberyming 1-1 (24):3*

*Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/Saldanha)*